## 7 Junie Handelinge 5:1-11 (OAV) (5:11)

### *Die vierde kenmerk van die "groot" kerk: groot vrees*

Handelinge 5 begin met die woordjie "maar". Dit beteken dat iets volg wat in teenstelling is met wat ons reeds van die "groot" kerk ontdek het. En so vertel hierdie hoofstuk dat daar in hierdie kerk ook lidmate was wat nie begryp het dat die Here se kerk "groot" is nie in die sin wat ons reeds gesien het. Dit gebeur omdat hulle nie werklik begryp het hoe "groot" die God van die "groot" kerk is nie. Daarom probeer hulle die kerk misbruik vir die verdien van eie grootheid. En dit laat die Here nie toe nie; dit is vals getuienis omtrent Hom en sy kerk en hy moet sy waarheid en sy kerk se integriteit handhaaf. Eers word Ananias en later Saffira tot verantwoording geroep, maar as hulle hulle verhard teen die waarheid laat die God van die kerk sien hoe groot Hy is: Hulle slaan dood neer. Hy self pas kerklike tug toe - tot die finale stap. En die resultaat: 'n "groot vrees" kom oor almal - nie net oor lidmate nie, maar ook oor die hele gemeenskap. Almal weet dat die God van die kerk 'n groot God is: heilig, alwetend, almagtig - en hy waak jaloers oor sy eer en die waarheid. Niemand mag hom of sy kerk ligtelik opneem nie. In die "groot" kerk word hy geheilig, geëer, gevrees, eerbiedig. Familiariteit bestaan nie. Alleen in die naam van Jesus kan hy sonder angs genader word. En ook alleen vir sy doel: Om getuienis te gee van sy God-wees. 'n Kerk kan "groot" wees alleen as hy weet sy God is groot: "...'n verterende vuur" (Heb. 12:28). In die "groot" kerk is daar 'n unieke balans tussen die werklikheid van groot liefde en "groot vrees" in die erediens, lidmaat-wees, uitvoering van ampswerk - die bestaan van die kerk.

Sing: Psalm 97:1,7 Ds. D.C. Coetsee (Noordrand)